

24 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 12:9-21 (NAV)

Fokusgedeelte: Romeine 12:16 (NAV)

Wees as 'n dienskneg van Christus eensgesind en nederig

Ons Skrifgedeelte help ons om die opofferende liefde van Christus met daade vir ander mense sigbaar te maak, deurdat Paulus vir ons wys hoe ons ons hele lewe kan inspan om dankbaarheid aan God te bewys vir die redding wat ons reeds ontvang het. In vers 16 wil Paulus vir ons sê dat ons diensknegte van Christus moet wees, en nie van onself nie (vgl. 1 Kor 4:6-7).

In vers 16 sien ons dat diensknegte van Christus eensgesindheid onder mekaar moet openbaar. Letterlik kom dit daarop neer dat ons gedagtes ooreen moet stem met dié van ons medegelowiges, en dat ons uit dieselfde mond moet praat soos Jesus Christus dit wil hê (vgl. Rom 15:5). Verder sien ons dat 'n dienskneg van Christus nederig moet wees. Hierdeur roep Christus ons elkeen op om nederig te wees in ons verhouding met ons naaste (vgl. 1 Pet 5:5-6). So verwag Christus van ons om ons naaste hoër te ag as onself (vgl. Fil 2:3).

Daarteenoor sien ons ook dat 'n dienskneg van Christus nie hooghartig mag wees nie, want 'n hooghartige streef na hoë dinge en is vol van homself (vgl. Ps 31:19). Daarmee saam is 'n dienskneg van Christus nie eiewys nie, want so 'n persoon dink dat hy hoër en beter is as ander mense.

Lewe dan as dienskneg van Christus. Wees eensgesind met mekaar en nederig, want daardeur bewys jy jou dankbaarheid aan God. Daarteenoor moet jy nie hooghartig en eiewys wees nie, want dit gaan net tot jou ondergang lei (vgl. Spr 16:18).

Sing: Skrifberyming 1 (4-1): 1, 2, 3

Ds P Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop)

